# DIE REGSPOSISIE VAN DIE TESTAMENTOPSTELLER, DIE INSOLVENTE ERFGENAAM EN SKULDEISERS IN DIE BOEDELBEPLANNINGSOMGEWING

Skripsie aangebied deur **JAN DANIëL DU TOIT** ter gedeeltelike nakoming van die vereistes vir die verwerwing van die graad

**MAGISTER LEGUM**

met Boedelreg as hoofstudierigting

aan die

**POTCHEFSTROOMSE UNIVERSITEIT**
**VIR CHRISTELIKE HOëR ONDERWYS**

na voltooing van 'n voorgeskrewe studieprogram oor twee akademiese jare en die suksesvolle aflegging van die gevorderde eksamens in

**BELASTINGREG**
**BOEDELBEPLANNING**
**ERFREG**
**HUWELIKSGOEDEREREG**
**SAKEREG EN EIENDOMSWETGEWING**

**STUDIELEIER:** Prof C Rautenbach

## INHOUDSOPGAWE


| | | |
|---|---|---|
| | **SUMMARY** | |
| **1.** | **INLEIDING** | **1** |
| **1.1** | **Motivering en probleemstelling** | **1** |
| **1.2** | **Terreinafbakening** | **2** |
| **2.** | **TESTEERVRYHEID** | **4** |
| **3.** | **VESTIGING VAN REGTE** | **8** |
| **4.** | **VOORWAARDES EN TERMYNE** | **12** |
| **5.** | **ADIASIE EN REPUDIASIE** | **15** |
| **6.** | **WETGEWING EN REGSPRAAK** | **17** |
| **6.1** | **Die *Insolvensiewet* 24 van 1936** | **17** |
| **6.2** | **Regspraak** | **20** |
| **6.2.1** | **Regspraak voor 2000** | **20** |
| **6.2.1.1** | ***Kellerman v Van Vuuren*** | **20** |
| **6.2.1.2** | ***Klerck en Schärges v Lee*** | **20** |
| **6.2.1.3** | ***Boland Bank Bpk v Du Plessis*** | **21** |
| **6.2.1.4** | **Kritiek teen *Kellerman-, Klerck- en Du Plessis*-sake** | **22** |
| **6.3** | **Regspraak na 2000** | **24** |
| **6.4** | **Wetsontwerp** | **26** |
| **7.** | **SAMEVATTING, AANBEVELINGS EN GEVOLGTREKKING** | **28** |
| **7.1** | **Ontleding van S se posisie** | **28** |
| **7.2** | **Moontlike alternatiewe vir die testamentopsteller** | **31** |
| **7.3** | **Gevolgtrekking** | **35** |

**BIBLIOGRAFIE**

**Boeke**
**Wetgewing**
**Regspraak**

# SUMMARY

## THE LEGAL POSITION OF THE TESTATOR, THE INSOLVENT HEIR AND CREDITORS IN AN ESTATE PLANNING ENVIRONMENT

Estate Planning is influenced by various factors, such as:

- The preferences and needs of the estate owner and his relatives.
- Economic realities that may force the estate owner to adopt certain measures.
- Government and the legal system are influential on the estate owner's options.
- Family members and friends are often involved in an estate owner's estate planning.

It is against this background that the following hypothesis is considered: S marries out of community of property to G whilst she is an unrehabilitated insolvent. G drafts a will with the following clause in order to protect his property and S from her creditors:

> I bequeath my entire estate to my spouse on the condition that should she be an unrehabilitated insolvent at my demise, I bequeath my entire estate to my administrators in trust until such time that she is rehabilitated.

G passes away while S is still an unrehabilitated insolvent. The question arises if an insolvent heir is in a position to repudiate an inheritance, as the repudiation will result therein that the inheritance will not form part of the assets in the insolvent's estate.

The aim of this study is twofold. The legal position of the testator, the heir and creditors will firstly be analysed critically. Thereafter the possible measures available to a testator, which will ensure that he will be able to satisfy the needs of his heirs, will be highlighted.

In order to attain the aims of the study, focus is placed on the following aspects:

- Freedom of testation: Although a testator has freedom of testation, this right is not absolute. Care should therefore be taken that due consideration be given to the limitations on his freedom of testation, be it statutory or by common law.

- Vesting of rights: The nature of the right acquired by an heir on the death of the testator has been the object of much debate in South African case law. The conflicting views revolve around the question whether any right is acquired and if so whether such right can only be qualified as a contingent right. It is suggested that the correct position is that an heir does require a right to an inheritance, but that the nature of the right is contingent.

- Conditions and terms: The testator is able to postpone *dies cedit* and/or *dies venit.* He achieves this by imposing conditions on his bequests or by fixing terms. Conditions and terms may be suspensive or resolusive. The resolusive condition and term result therein that rights which have been acquired fall away with retrospective effect. The *nudum praeceptum*, as a veiled resolusive condition, has no legal force and should be avoided at all costs by the testator.

- Adiation and repudiation: Although no person can be forced to accept an inheritance, it is trite law that adiation is automatic unless the bequest is subject to a *modus*. Furthermore it is also accepted that adiation is not a prerequisite for the vesting of rights.

- Legislation and case law: The relevant provisions of the *Insolvency Act* 24 of 1936 are sections 2, 20 and 26. Section 2 defines property as, *inter alia*, contingent interests in property, with the exclusion of the contingent interests of fideicommissary heir or legatee. Furthermore disposition is defined *inter alia* as an abandonment of rights to property. The effect of section 20 is that an insolvent is divested of his estate on the granting of a sequestration order, whereafter the estate will vest in the trustee. Disposition without value may be set aside on application in terms of section 26. It is submitted that the provisions of the

*Insolvency Act* 24 of 1936 are wide enough to cover the repudiation of an inheritance by an insolvent heir. Accordingly such repudiation should therefore be a disposition without value which may be set aside.

South African courts had the opportunity on numerous occasions to decide whether an inheritance falls in an insolvent's estate or not. Conflicting judgments were put to a rest by the judgment of the Supreme Court of Appeal in *Wessels v De Jager* 2000 4 SA 924. The court decided that an heir does not have a right to adiate or repudiate an inheritance. The heir merely exercises an ability to dispose of the inheritance and as such the provisions of the *Insolvency Act* 24 of 1936 have no application. The decision of the court is unsatisfactory for a number of reasons, but will stand as the law of the land until similar facts are decided but the Supreme Court of Appeal or until the legislator intervenes.

The South African Law Commission in consultation with various parties have proposed a draft *Insolvency Act*. The proposed amendments of value for this study are that contingent interest of fideicommissary heirs and legatees will no longer be excluded from the definition of property and that the court will be endowed with a discretion to decide if an insolvent acted to the detriment of creditors.

When the position of S in the hypothesis is analysed it may be concluded that the bequest is subject to a *nudum praeceptum* and the resolusive condition should be disregarded. In line with the decision in *Wessels v De Jager* 2000 SA 934 (SCA), S will be able to repudiate the inheritance. This course of action is unsatisfactory in that the aims of the testator are frustrated, S derives no benefit from her action and similarly creditors are denied the benefit of an additional asset in the insolvent estate.

Alternative estate planning measures are available to the testator. The trust, be it a testamentary discretionary trust or a trust *inter vivos*, is preferable to a

*fideicommissum*. The matrimonial property regime adopted by spouses before marriage can also have a positive influence on estate planning.

In conclusion it is submitted that intervention by the legislator is required to attain a balance between the rights of the testator, insolvent heirs and creditors. Through estate planning-methods it will be within the power of the testator to avoid conflicting interests of the testator, the insolvent heir and creditors.

# HOOFSTUK 1

## 1. INLEIDING

### 1.1 *Motivering en probleemstelling*

Meyerowitz definieer boedel- en belastingbeplanning as:

> ... the arrangement, management, securement and disposition of a person's estate so that he, his family and other beneficiaries can enjoy and continue to enjoy the maximum benefits from his assets or estate during his lifetime and after his death.[1]

Verskeie faktore speel 'n rol by die boedelbeplanningsomgewing:[2]

(a) Die voorkeure en behoeftes van die boedeleienaar en sy naasbestaandes.
(b) Ekonomiese werklikhede wat 'n boedeleienaar kan dwing om 'n bepaalde werkswyse te kies.
(c) Die owerheid en regstelsel speel 'n groot rol by die boedeleienaar se keuses.
(d) Familielede en vriende word dikwels betrek by die boedelplanne van die boedeleienaar.

Hierdie faktore speel ook 'n belangrike rol by die regsposisie van die testamentopsteller (die boedeleienaar), insolvente erfgename en skuldeisers in die boedelbeplanningsomgewing. Die volgende scenario kom dikwels in die praktyk voor: S trou buite gemeenskap van goedere met G. Ten tyde van huweliksluiting is sy 'n ongerehabiliteerde insolvent. Ten einde sy eiendom te beskerm teen die skuldeisers van S, verly G 'n testament waarin die volgende bepaling vervat is:

---

1 1965 *The Taxpayer* 1.

2 Abrie, Graham en Van Der Linde *Boedel- en Finansiële Beplanning* 7 – 9; Abrie ea *Boedels: Beplanning en Bereddering* 59-61; Davies en Beneke *Estate Planning* par 1.2.9.

> Ek bemaak my gehele boedel aan my eggenote, op voorwaarde dat as sy steeds 'n ongerehabiliteerde insolvent is ten tyde van my afsterwe, ek my boedel aan my administrateurs in trust bemaak, totdat sy gerehabiliteer is.[3]

G sterf terwyl S steeds 'n ongerehabiliteerde insolvent is. Wat sal die posisie van S en haar skuldeisers wees indien S die bemaking adieer, alternatiewelik indien S die bemaking repudieer? Alhoewel dit op die oog af mag voorkom asof G daarin geslaag het om sy insolvente eggenote en sy eiendom teen S se skuldeisers te beskerm, is die posisie nie so eenvoudig nie. Suid-Afrikaanse howe het al by herhaling beslis dat G se bemaking niks anders is 'n naakte verbod sonder regskrag is nie.[4] Dit is van kardinale belang dat daar by boedelbeplanning deeglike oorweging aan die wense van die testamentopsteller enersyds en die regte van die erfgenaam en sy skuldeisers andersyds geskenk moet word.

Die doel van hierdie studie is om eerstens die huidige regsposisie met betrekking tot die regte van die testamentopsteller, die erfgenaam en sy skuldeisers krities te analiseer. Tweedens is die doel om aan te toon op welke wyse die voornemende testamentopsteller steeds sal kan voorsien in die behoeftes van sy erfgename sonder om die gevaar te loop dat sy welbedoelde erflating binne die hande van sy erfgenaam se skuldeisers val.

## 1.2 *Terreinafbakening*

Soos reeds aangedui is die regsposisie van die testamentopsteller, die insolvente erfgenaam en skuldeisers van belang binne die boedelbeplanningsomgewing. Ten einde die doel van die studie te bereik word daar in hierdie studie veral gekonsentreer op die volgende aspekte:

- Die belangrikheid van die beginsel testeervryheid.[5]
- Die problematiek rondom die vestiging van regte.[6]
- Die regsposisie by bemakings gekoppel aan voorwaardes en termyne.[7]

---

3 G het dus slegs faktore (a), (b) en (c) hierbo in aanmerking geneem.
4 Sien Pace en Van der Westhuizen *Wills and Trusts* 32 en par 7.1 hierin.
5 Sien hoofstuk 2.
6 Sien hoofstuk 3.
7 Sien hoofstuk 4.

- Die betekenis van adiasie en repudiasie.[8]
- Die relevante bepalings van die *Insolvensiewet* 24 van 1936.[9]
- Die relevante regspraak in die Suid-Afrikaanse reg voor en na 2000, asook die kritiekpunte teen die uitsprake.[10]
- Ontledings en aanbevelings ten opsigte van die hipotese gestel in hoofstuk 1.[11]

---

8 Sien hoofstuk 5.
9 Sien hoofstuk 6.
10 Sien hoofstuk 7.
11 Sien hoofstuk 8.

# HOOFSTUK 2

## 2. TESTEERVRYHEID

As vertrekpunt van hierdie studie is dit nodig om die beginsel van testeervryheid van nader te beskou. Dit is immers die wense van die testamentopsteller, soos uitgedruk in sy testament, waaraan na sy afsterwe uitvoering gegee moet word. Aangesien sy testament die enigste bron is waaruit sy bedoeling vasgestel kan word, moet daar dus ag geslaan word op die beperkings wat daar op sy testeervryheid is. Die testamentopsteller het in Suid-Afrikaanse reg in beginsel volkome testeervryheid,[12] dit wil sê die reg om die oordrag en gebruik van sy eiendom na sy afsterwe te reël, maar hierdie reg is nie absoluut nie.[13] Die Suid-Afrikaanse howe sal bygevolg nie uitvoering gee aan bepalings in die testament waar die bemaking onwettig[14] of teen die openbare belang[15] of te vaag en onseker is om af te dwing, nie.[16] Voorts sal 'n testamentopsteller ook die volgende beperkings op sy testeervryheid in gedagte moet hou:

(a) 'n Testamentopsteller se minderjarige kinders sal, ongeag daarvan of sodanige kinders erfgename is aldan nie, 'n voorkeureis teenoor ander erfgename ten opsigte van hul onderhoud en opvoeding teen die boedel van die testamentopsteller hê;[17]

---

12 Van Der Merwe & Rowland *Suid-Afrikaanse Erfreg* 612; Corbett ea *Law of Succession in South Africa* 34.

13 Lee & Honoré *Family Things and Succession* par 405; Corbett ea *Law of Succession in South Africa* 34; Erasmus & De Waal *South African Law of Succession* par 101.

14 *Ritchken's Executors v Ritchken* 1924 WLD 17.

15 *Levy v Schwartz* 1948 4 SA 930 (W); *Ex parte Swanevelder* 1949 1 SA 733 (O); *Barclays Bank v Anderson* 1959 2 SA 478 (T); *Ex parte Isaacs* 1964 4 SA 606 (GW); *De Wayer v SPCA* 1963 1 SA 71 (T); *Yenapergasam v Naidoo* 1932 NPD 96.

16 *Grusd v Grusd* 1946 AD 465; *Aronson v Estate Hart* 1950 1 SA 539 (A); *Ex parte Dessels* 1976 1 SA 851 (D).

17 *Carelse v Estate De Vries* 1906 23 SC op 532; *Glazer v Glazer* 1963 4 SA 694 (A); Spiro *Law of Parent and Child* 365 – 366; *Ritchken's Executors v Ritchken* 1924 WLD 17.

(b) 'n Oorlewende eggenoot, getroud buite gemeenskap van goedere, maar onderhewig aan die aanwasbedeling, sal geregtig wees op die helfte van die aanwas van die boedel;[18]

(c) 'n Oorlewende eggenoot het 'n eis om onderhoud teen die boedel van die eerssterwende eggenoot;[19]

(d) Die *Wet op Onroerende Eiendom (Verwydering of Wysiging van Beperkings)*,[20] plaas 'n beperking op die magte van die testamentopsteller om die beswaring van onroerende eiendom met 'n onbeperkte *fideicommissum* te verbied;

(e) Die *Wet op Onderverdeling van Landbougrond*[21] en die *Byvoegingswet tot Minerale Regte*[22] plaas beperkings op die testamentopsteller in soverre hy beoog om landbougrond en minerale regte te onderverdeel. Alhoewel die *Wet op Onderverdeling van Landbougrond* staan om herroep te word deur die *Wet op Herroepping van die Wet op Onderverdeling van Landbougrond*,[23] is die datum van inwerkingtreding van die wet nog nie gepromulgeer nie.

(f) Die *Insolvensiewet*[24] werk ook beperkend in op die testeervryheid van die testamentopsteller. Alhoewel 'n erfgenaam 'n erflating kan repudieer,[25] word die testamentopsteller se doelwit om sy eiendom te beskerm en in die behoeftes van sy erfgenaam te voorsien, verydel.

(g) Die *pactum successorium* oftewel die beskikking van 'n boedeleienaar se bates na sy dood terwyl hy nog in lewe is, word, onderhewig aan twee uitsonderings, as ongeldig in Suid-Afrikaanse reg beskou.[26] Die rede daarvoor is dat dit 'n testamentopsteller se testeerbevoegdheid aan bande lê en dit

---

18 A 3 van die *Wet op Huweliksgoedere* 88 van 1984.

19 A 2 van die *Wet op Onderhoud van Oorlewende Eggenote* 27 van 1990 wat bepaal dat die oorlewende eggenote 'n eis om redelike onderhoud tot afsterwe of hertroue het in soverre die eggenote nie in staat is om self daarin te voorsien uit eie verdienste nie.

20 Aa 6-8 van Wet 94 van 1965 wat beperkings plaas op die duur van 'n *fideicommissum*.

21 Aa 3 en 4 van Wet 70 van 1970 wat die onderverdeling van landbougrond verbied.

22 A 20(1) en A 21 van Wet 50 van 1991 wat onderskeidelik die onderverdeling van minerale regte en die verkryging van onverdeelde aandele in minerale regte by wyse van erfopvolging verbied.

23 64 van 1998.

24 24 van 1936; Sien par 6.1 vir 'n bespreking van die *Insolvensiewet*.

25 Sien par 6.3 hiervan.

26 De Waal, Schoeman & Wiechers *Erfreg Studentehandboek* 157 – 162.

neerkom op 'n omseiling van die formaliteitsvereistes by die verlyding van testamente.[27] Slegs die *donatio mortis causa*[28] en huweliksvoorwaardekontrakte met erfregtelike bepalings[29] word dus as geldige verskyningsvorme van die *pactum successorium* erken. Die toets wat gebruik word om die geldigheid van die *pactum successorium* te bepaal is dat indien regte voor die afsterwe van die testamentopsteller vestig die *pactum successorium* ongeldig sal wees, terwyl dit geldig sal wees indien die regte eers vestig na die testamentopsteller se afsterwe.[30]

Vir die doeleindes van hierdie studie is dit veral die gemeenregtelike beperking teen die openbare belang wat nadere beskouing verg. Soos aangetoon in hoofstuk 1 hiervan, moet boedelbeplanning geskied in 'n boedelbeplanningsomgewing wat ag slaan op die ekonomiese werklikhede in 'n samelewing. Waar 'n bemaking onderhewig gemaak word aan 'n voorwaarde waar die vervulling daarvan onwettig of teen die openbare belang is, is die voorwaarde waaraan die bemaking gekoppel is, nietig:

> I think the law is clear that where a legacy is clogged with an immoral condition, or one which is illegal or contrary to public policy, the bequest would take effect, but the condition would be void.[31]

Die vraag ontstaan egter of 'n testamentopsteller se testeervryheid nie ondergeskik behoort te wees aan die eise wat in die handelsverkeer gestel word nie. Dit gebeur toenemend dat 'n insolvente boedel 'n stoomroller effek tot gevolg het waardeur die insolvent se skuldeisers self gedwing word tot likwidasie of sekwestrasie. Die insolvent se onvermoë of onwilligheid om sy verpligtinge na te kom, beperk die skuldeiser se vermoë op sy beurt, om sy verpligtinge na te kom. Druk vanuit die ekonomiese sfeer van die samelewing kan daartoe lei dat die wetgewer verdere beperkings op die testeervryheid van 'n testamentopsteller kan plaas. Die probleem is dan ook deur die Regskommissie

---

27 De Waal, Schoeman & Wiechers *Erfreg Studentehandboek* 157 en 158; Rautenbach 1999 *Koers* 360.

28 De Waal, Schoeman & Wiechers *Erfreg Studentehandboek* 160; Van Der Merwe & Rowland *Suid-Afrikaanse Erfreg* 586; Corbett ea *Law of Succession* 31.

29 De Waal, Schoeman & Wiechers *Erfreg Studentehandboek* 161; Rautenbach 1999 *Koers* 359.

30 *Jubelius v Griesel* 1988 2 SA 610 (K).

31 *Ritchken's Executors v Estate Ritchken* 1924 WLD 20.

voorsien en is daar voorgestel dat die hof voortaan met 'n diskresie beklee word om te bepaal of daar tot nadeel van skuldeisers gehandel is.[32]

32 Sien par 6.4 hiervan.

# HOOFSTUK 3

## 3. VESTIGING VAN REGTE

'n Beskouing van die aard en omvang van regte, indien enige, wat deur die erfgenaam by die afsterwe van die testamentopsteller verkry word, is van belang om te bepaal of dit deur die trefwydte van die *Insolvensiewet*[33] geraak word.

Word die erfgenaam eienaar van die bates by die afsterwe van die testamentopsteller? Die appèlhof se standpunt is dat eiendomsreg nie deur erfopvolging oorgaan nie en dat 'n oordragshandeling vereis word.[34] Dat die erfgenaam egter 'n reg van een of ander aard verkry staan ook vas. 'n Testate of intestate erfgenaam verkry normaalweg 'n vorderingsreg teen die boedel van die oorledene sodra die boedel oopval, ook bekend as *delatio.* In *Commissioner for Inland Revenue v Estate Crew*[35] verklaar Centlivres R:

> ...for what is vested in the heirs is a right to claim from the deceased's executors at some future time, after confirmation of the liquidation and distribution account, satisfaction of their claims under that account.

en hy bevestig dit weer in *Greenberg v Estate Greenberg:*[36]

> The position under our modern system of administering deceased estates is that when a testator bequeaths property to a legatee the latter does not acquire the *dominium* in that property immediately on the death of the testator, but what he does acquire is a vested right to claim from the testator's executors at some future date delivery of the legacy...

Die vorderingsreg teen die boedel is egter nie sondermeer afdwingbaar nie. Daar word onderskei tussen *dies cedit* en *dies venit.* Normaalweg val *delatio* en *dies cedit* saam en is dit die oomblik waarop die vorderingsreg teen die boedel vestig, terwyl *dies venit* die

---

33 24 van 1936.

34 *Commissioner for Inland Revenue v Estate Crew* 1943 AD 656 op 692; *Estate Smith v Estate Follett* 1942 AD 364 op 383; *Greenberg v Estate Greenberg* 1955 3 SA (A) 365.

35 1943 AD 692.

36 1955 3 SA (A) 364.

stadium is waarop sodanige vorderingsreg teen die boedel afdwingbaar word.[37] In die intestate erfreg val *dies cedit* en *dies venit* altyd saam met die afsterwe van die testamentopsteller.[38] In die testate erfreg is die testamentopsteller egter by magte om *dies cedit* en/of *dies venit* uit te stel deur die bemaking onderhewig te maak aan die vervulling of nie-vervulling van 'n voorwaarde, hetsy opskortend of ontbindend.[39]

Daar bestaan egter nie eenstemmigheid oor die aard van die vorderingsreg wat die erfgenaam verkry nie. De Klerk R beslis in *Boland Bank v Du Plessis*[40] dat die erfgenaam 'n **voorwaardelike reg**[41] op die bates verkry mits hy adieer. Kuyler[42] is van dieselfde mening toegedaan aangesien die omskrywing van "goed" in die *Insolvensiewet*[43] voorsiening maak vir voorwaardelike regte op goed. In *Kellerman v Van Vuuren*[44] en *Klerck and Schärges v Lee*[45] word slegs verwys na die reg wat in die erfgenaam vestig. Die hof lug nie 'n mening of die reg voorwaardelik is of nie.

Sonnekus[46] is van mening dat die vorderingsregte wat die erfgenaam verkry, deel van sy bates word wat in sy boedel val selfs al sou hy te sterwe kom voordat sy vorderingsregte afdwingbaar word. Die tydsverloop tussen *dies cedit* en sy afsterwe en of hy bewus was van die bevoordeling aldan nie is irrelevant. Die logiese afleiding, wat volgens Sonnekus hieruit gemaak moet word, is dat adiasie van 'n bevoordeling "outomaties en gewoonlik plaasvind".[47] Hy verwys geensins na die reg as voorwaardelik nie. Inteendeel stel hy dit dat:

> ... as alle vorderingsregte en dus ook die vorderingsreg van die erfregtelike bevoordeelde teen die eksekuteur van die erflater se boedel as vermoënsreg 'n bate in

---

37 Van der Merwe & Rowland *Suid-Afrikaanse Erfreg* 273.
38 *Union Government (Minister of Finance) v Olivier* 1916 AD 74.
39 Die wyses waarop die testamentopsteller *dies cedit* en/of *dies venit* kan uitstel word meer volledig in hoofstuk 4 bespreek.
40 1995 4 SA 113 (T) 115.
41 Eie beklemtoning.
42 1996 *De Rebus* 589 -591.
43 24 van 1936.
44 1994 4 SA 336 (T).
45 1995 3 SA 340 (SOK).
46 1996 *TSAR* 241.
47 1996 *TSAR* 241.

die reghebbende se boedel vorm, sou dus logieserwys verwag kon word dat 'n repudiëring of abandonering sonder teenwaarde van enige vermoënsreg eweneens vir tersydestelling in aanmerking kom indien aan die voorvereistes van artikel 26 van die Insolvensiewet voldoen word.

Die onderskeid tussen 'n gevestigde reg en 'n voorwaardelike reg is soos volg deur ons howe bereg:

- In *Jewish Colonial Trust v Estate Nathan*[48] beslis die hof dat die woord "vestig" gebruik word "to draw a distinction between what is certain and what is conditional: a vested right is distinguished from a conditional right".
- Die woord voorwaardelik "is used to describe the conditional nature of someone's title to the right".[49]
- Millin R in *Stern and Ruskin v Appleson*[50] definieer 'n voorwaardelike reg as volg:

> It is something which may ripen into a vested interest on the happening of an event, but it must be such that the happening of the event, without more, gives the vested interest. A person cannot be said to have a contingent interest in something which another may or may not choose to give him in the future. There is ample authority for the view that a bare possibility of getting something in the future is not a contingent interest.

Van der Merwe & Rowland[51] is die mening toegedaan dat daar geen bestaansruimte vir 'n voorwaardelike reg is nie:

> 'n Reg kan eenvoudig nie voorwaardelik wees nie. 'n Reg bestaan of dit bestaan nie. Wel kan die beëindiging van 'n bestaande reg onderhewig wees aan 'n ontbindende voorwaarde of die ontstaansoomblik van 'n ander reg afhanklik gemaak word van 'n toekomstige onsekere gebeurtenis – 'n opskortende voorwaarde.

Dit word aan die hand gedoen dat die meer korrekte beskouing van die reg wat die erfgenaam verkry by *dies cedit* die standpunt is dat dit 'n voorwaardelike reg is. As motivering vir hierdie standpunt word aangevoer dat dit nooit 'n

---

48 1940 AD 1163 op 175.
49 *Durban City Council v Association of Building Societies* 1942 AD 27 op 33.
50 1951 3 SA 800 (W) 305.
51 *Suid-Afrikaanse Erfreg* 275.

voldwonge feit is dat die eksekuteur van die testamentopsteller se boedel na afhandeling van die beredderingsproses uitvoering sal kan gee aan die erflatings wat deur die testamentopsteller in die vooruitsig gestel is nie. Indien die testamentopsteller se boedel byvoorbeeld insolvent sou wees, sal daar geen uitvoering aan die bepalings in sy testament gegee kan word nie.

Dit word verder voorgestel dat die kwessie rondom die aard van die erfgenaam se regte by die afsterwe van die testamentopsteller slegs van akademiese belang is. Die omskrywing van "goed" in die *Insolvensiewet*[52] is wyd genoeg om voorsiening te maak vir voorwaardelike regte en indien suiwer erfregtelike beginsels toegepas word, behoort die kurator van die insolvente erfgenaam in staat te wees om hom suksesvol daarop te beroep dat die repudiasie van 'n erflating 'n vervreemding sonder teenwaarde is wat tersyde gestel kan word.

[52] 24 van 1936.

# HOOFSTUK 4

## 4. VOORWAARDES EN TERMYNE

In die voorafgaande hoofstuk is aangetoon dat die testamentopsteller by magte is om *dies cedit* of *dies venit* of beide uit te stel. Die wyse waarop die testamentopsteller dit bewerkstellig, is om sy bemaking onderhewig te stel aan 'n voorwaarde of te koppel aan 'n termyn.[53]

'n Voorwaarde stel 'n bevoordeling onderhewig aan die plaasvind of nie-vervulling van 'n onsekere toekomstige gebeurtenis.[54] Die voorwaarde kan opskortend of ontbindend wees. Die voorwaarde is opskortend indien dit *dies cedit* en *dies venit* uitstel,[55] byvoorbeeld waar A sy plaas aan B bemaak op voorwaarde dat B sy studies voltooi. Die voorwaarde is ontbindend indien dit nie *dies cedit* en *dies venit* uitstel nie, maar 'n bevoordeling beëindig by vervulling van die voorwaarde,[56] byvoorbeeld waar A sy motor aan B bemaak, maar indien B aan dronkbestuur skuldig bevind word, gaan die motor na C. In hierdie geval tree *dies cedit* en *dies venit* by die dood van A in, maar B verloor alle verkreë regte by vervulling van die voorwaarde, dit wil sê as B dan aan dronkbestuur skuldig bevind sou word.

Die termyn, anders as die voorwaarde stel nie *dies cedit* uit nie, maar na gelang daarvan of die termyn opskortend of ontbindend is, wel *dies venit*.[57] Die opskortende termyn stel dus slegs die tydstip uit waarop die vorderingsreg afdwingbaar word wat vir die

---

[53] Lee & Honoré *Family Things and Succession* par 625 - 630; Van der Merwe & Rowland *Suid-Afrikaanse Erfreg* 272 - 273; Erasmus & De Waal *South African Law of Succession* par 103 – 108.

[54] Lee & Honoré *Family Things and Succession* par 627; Van der Merwe & Rowland *Suid-Afrikaanse Erfreg* 273 - 274; Erasmus & De Waal *South African Law of Succession* par 105.

[55] Lee & Honoré *Family Things and Succession* par 628; Van der Merwe & Rowland *Suid-Afrikaanse Erfreg* 274; Erasmus & De Waal *South African Law of Succession* par 106.

[56] Lee & Honoré *Family Things and Succession* par 629; Van der Merwe & Rowland *Suid-Afrikaanse Erfreg* 275; Erasmus & De Waal *South African Law of Succession* par 107.

[57] Van der Merwe & Rowland *Suid-Afrikaanse Erfreg* 280; Erasmus & De Waal *South African Law of Succession* par 103.

erfgenaam ontstaan by afsterwe van die testamentopsteller. Die ontbindende termyn het tot gevolg dat *dies* cedit en *dies venit* by die afsterwe van die testamentopsteller plaasvind, maar dat die reeds verkreë regte tot niet gaan wanneer die termyn afgeloop het, byvoorbeeld waar A sy plaas aan B bemaak, maar by B se afsterwe gaan die plaas na C. By die termyn is dit seker dat die tydstip waarop die vorderingsreg afdwingbaar word teen die boedel, sal aanbreek alhoewel die tydsverloop bepaald of onbepaald kan wees, byvoorbeeld waar A sy plaas aan B bemaak, maar B kry dit eers na 10 jaar of A sy plaas aan B bemaak, maar B kry dit eers by die afsterwe van B se vrou.

'n Kritiese beskouing van die ontbindende voorwaarde is van wesenlike belang ten einde die hipotese hierin gestel[58] later volledig te analiseer.

Dit is ook belangrik dat die testamentopsteller die regsposisie rondom 'n *nudum praeceptum* (of naakte verbod) verstaan. Die naakte verbod is 'n verskyningsvorm van 'n bevoordeling wat ingekleur word as 'n ontbindende voorwaarde. Indien die testamentopsteller versuim om 'n erfgenaam aan te dui waar 'n ontbindende voorwaarde vervul word, sal die voorwaarde as 'n *nudum praeceptum* beskou word en sal geen gevolg daaraan gegee word nie.[59] Die rede daarvoor is by monde van Fagan R:

> A direction which cannot be enforced by process of law, eg because there is no one who has such an interest in its enforcement that he would have *locus standi* to seek a remedy at law if it is disobeyed, is obviously of no legal validity whatever moral obligation the beneficiary may or may not feel in regard to it.[60]

Indien 'n testamentopsteller dus aan 'n erfgenaam 'n bemaking maak kan hy nie voortgaan om beperkings op die gebruik van die eiendom deur die erfgenaam te plaas sonder om sodanige beperkings ten gunste van 'n alternatiewe erfgenaam te stel nie:

---

58 Sien hoofstuk 1.

59 Erasmus & De Waal *South African Law of Succession* par 107; Pace & Van Der Westhuizen *Wills & Trusts* 88; Du Toit *South African Trust Law* 177; Roothman 1992 *De Rebus* 61 - 64; Sien egter ook Kernick *Administration of Estates & Drafting of Wills* 122 waar die skrywer die mening toegedaan is dat die testamentopsteller wel bates in 'n trust kan laat bly totdat omstandighede vir die erfgenaam beter is.

60 *Ex parte Sieberhagen* 1946 CPD op 104.

> ...if the ownership of property is bequeathed to a beneficiary, then any curtailment of the rights of ownership appearing in the will, such as a prohibition against alienation or a conditional deprivation of the rights of enjoyment, is of no legal effect unless a third party is indicated in whose favour such curtailment is to operate.[61]

'n Testamentopsteller kan ook nie 'n beperking op die bemaking plaas deur 'n trust vir die uitsluitlike voordeel van 'n erfgenaam te skep nie, aangesien die erfgenaam, alhoewel die trust self nie ongeldig is nie, daarop kan aandring om die trust tot uitsluiting van sy trustees te administreer.[62] Bepaal die testamentopsteller dit pertinent dat in geval van die erfgenaam se insolvensie die erflating sal oorgaan op 'n trustee om gehou te word vir die erfgenaam is die trust nietig. Aangesien die beperking uitsluitlik tot voordeel van die erfgenaam gestel word, is hy effektiewelik die eienaar van die trustbates en kan hy daarop aandring om self die trust te administreer wat meebring dat sy kurator insgelyks daarop kan aandring om die bates te administreer.[63] Uit die voorafgaande is dit dus duidelik dat die testamentopsteller, in sy poging om *dies cedit* uit te stel, moet waak daarteen dat hy nie 'n naakte verbod in sy testament skep wat geen regskrag sal hê nie.

61 *Jewish Colonial Trust Ltd v Estate Nathan* 1940 AD op 180.

62 Honoré *South African Law of Trust* 118; Du Toit *Trust Law* 107.

63 Honoré *South African Law of Trust* 118.

# HOOFSTUK 5

## 5. ADIASIE EN REPUDIASIE

'n Volgende aspek waaroor duidelikheid verkry moet word, is adiasie en repudiasie. Die intestate sowel as die testate erfreg beskik oor die *ius adeundi*, die reg om 'n bemaking te aanvaar of te verwerp.[64] Dit is vanselfsprekend dat vestiging van regte eers moet plaasvind alvorens 'n erfgenaam 'n bemaking kan adieer of repudieer.[65] Dit volg dus dat adiasie nie beskou kan word as 'n voorvereiste vir die vestiging van regte nie.[66] Soos ook reeds aangetoon,[67] is die enigste logiese afleiding dat adiasie outomaties en gewoonlik plaasvind.

Repudiasie van 'n erflating daarenteen het ontbindende werking deurdat die vestiging van 'n vorderingsreg, wat met *dies cedit* plaasgevind het, opgehef word.[68]

Sonnekus[69] stel dit dat repudiasie die uitoefening van 'n beskikkingsbevoegdheid is wat duidelik onderskei moet word van die konsep eleksie. Eleksie is 'n kompetensie waaroor elke persoon, wat handelingsbevoeg is, beskik. Eleksie in die erfreg kom egter slegs voor wanneer 'n bevoordeling beswaar word deur 'n *modus*.[70] Sonnekus[71] gebruik die voorbeeld van 'n persoon wat die kompetensie het om te besluit om 'n skenkingsaanbod wat aan hom gemaak word, te aanvaar of te weier. Besluit die persoon dat hy die aanbod wil aanvaar, maar hy stel nie die skenker in kennis nie, het die uitoefening van die

64 Van der Merwe & Rowland *Suid-Afrikaanse Erfreg* 9.

65 Corbett ea *Law of Succession in South Africa* 14; Lee & Honoré *Family Things and Succession* par 521; Van der Merwe & Rowland *Suid-Afrikaanse Erfreg* 16; Erasmus & De Waal *South African Law of Succession* par 22.

66 Erasmus & De Waal *South African Law of Succession* par 22; Van der Merwe & Rowland *Suid-Afrikaanse Erfreg* 16 en 17.

67 Sien hoofstuk 3.

68 *Crookes v Watson* 1956 1 SA 277 (A); *Ex parte Webb* 1952 2 SA 541 (W).

69 1996 *TSAR* 241.

70 Van der Merwe & Rowland *Suid-Afrikaanse Erfreg* 409; Pace & Van Der Westhuizen *Wills and Trusts* 56; Erasmus & De Waal *South African Law of Succession* par 310; Kernick *Administration of Estates and Drafting of Wills* 55; De Waal, Schoeman & Wiechers *Erfreg Studentehandboek* 143.

71 1996 *TSAR* 241.

kompetensie hoegenaamd geen uitwerking op sy bateposisie nie. Dit is eers wanneer die skenker bewus word daarvan dat die aanbod aanvaar word, dat 'n verandering in die bateposisie van die ontvanger plaasvind.

*Dies cedit* werk verbintenisskeppend en dit volg logieserwys dat daar dus by *dies cedit* 'n onmiddelike verandering in die bateposisie van die erfgenaam plaasvind. Die uitoefening van sy beskikkingsbevoegdheid om die bevoordeling te repudieer, vorm 'n bestanddeel van 'n reeds verkreë reg, synde die vorderingsreg teen die eksekuteur van die boedel. Die vorderingsreg vorm dus 'n bate in die boedel van die erfgenaam.

Die voorafgaande verteenwoordig die suiwer erfregtelike posisie. Toegepas op S se posisie soos gestel in die hipotese[72] is dit duidelik dat die bepaling 'n naakte verbod bevat en behoort die erflating aan S binne haar insolvente boedel te val vir die voordeel van haar skuldeisers. Dit is egter nodig om enkele aspekte van die *Insolvensiewet*[73] vervolgens in oënskou te neem ten einde vas te stel in hoeverre die insolvente erfgenaam se erfregtelike posisie onversoenbaar is met die praktiese werking van die *Insolvensiewet*.

72 Sien par 1.1 en par 7.1 hiervan.
73 24 van 1936.

(a) alle **goedere**[80] van die insolvent op die dag van sekwestrasie met inbegrip van goedere of die opbrengs daarvan, wat op grond van 'n lasbrief tot beslaglegging in die hande van die balju of geregsbode is;

(b) alle goedere wat gedurende sekwestrasie deur die insolvent verkry word of aan hom mag verval vir soverre artikel drie-en-twintig nie anders bepaal nie.

Goed word in artikel 2 omskryf as synde:

> ... roerende of onroerende goed waar ookal in die Republiek geleë en omvat **voorwaardelike regte op goed**[81] met uitsondering van die voorwaardelike regte van 'n fideikommissêre erfgenaam of legataris.

Die volgende bates val nie in die boedel van die insolvent nie, hetsy vanweë die bepalings van artikel 23 of ander statutêre bepalings:

(a) Vergoeding vir werk gedoen sover as wat volgens die Meester se oordeel nodig is om homself en sy afhanklikes te onderhou;[82]

(b) Pensioen;[83]

(c) Vergoeding ontvang vir laster of persoonlike letsel;[84]

(d) Vergoeding ontvang vir beroepsbeserings- of siektes;[85]

(e) Voordele betaalbaar aan 'n mynwerker;[86]

(f) Polisse wat aanspreeklikheid teenoor derde partye dek;[87]

(g) Sekere lewensversekeringspolisse;[88]

(h) Aandeel in aanwas in die ander eggenoot se boedel, welke eis eers sal ontstaan by ontbinding van die huwelik of by afsterwe van die ander eggenoot;[89]

(i) Trustgoed of trustfondse van 'n behoorlik opgerigte trust;[90]en

---

80 Eie beklemtoning.

81 Eie beklemtoning. A 2 is van besondere belang vir hierdie ondersoek.

82 Aa 23(5) en (9).

83 A 23(7).

84 A 23(8).

85 A 34 van die *Wet op Vergoeding vir Beroepsbeserings en Siektes* 130 van 1993.

86 A 131 (1) van die *Wet op Bedryfsiektes in Myne en Bedrywe* 79 van 1973.

87 A 156.

88 Aa 39, 42 en 44 van *Versekeringswet* 27 van 1943.

89 A 3(2) van die *Wet op Huweliksgoedere* 88 van 1984.

90 *Wet op die Beheer oor Trustgoedere* 57 van 1988; *Wet op Prokureurs* 53 van 1979; *Wet op Eiendomsagente* 112 van 1976; *Wet op Balju's* 90 van 1986; *Wet op Finansiële Instellings (Belegging van Fondse)* 39 van 1984.

(j) Goedere wat met geld verkry word uit bogenoemde bronne.[91]

Voorts bepaal artikel 26:

> **Elke vervreemding**[92] van goed sonder teenwaarde kan deur die hof tot niet gemaak word as daardie vervreemding gedaan is deur die insolvent-
> (a) ...
> (b) binne twee jaar voor die sekwestrasie van sy boedel en die persoon wat kragtens die vervreemding 'n vordering inbring of wat daardeur bevoordeel is, nie kan bewys dat onmiddellik na die vervreemding die bates van die insolvent sy skulde te bo gegaan het.

"Vervreemding" word in artikel 2 omskryf as:

> ...'n **oordrag of afstand van regte op goed**[93] en omvat 'n verkoop, huur, verband, pand, lewering, betaling, kwytskelding, skikking, skenking of 'n kontrak in die sin, maar omvat nie 'n vervreemding tot voldoening van 'n order van die hof nie.

Na oorweging van die voorafgaande is dit nodig om die volgende vrae van nader te beskou:

(a) Is 'n insolvente erfgenaam by magte om self 'n erflating te adieer of te repudieer?

(b) Is 'n intestate of testate erfenis, 'n voorwaardelike reg op goed?

(c) Is die repudiasie van 'n erflating 'n beskikking van die insolvent se reg op goed, wat binne die bestek van artikel 26 van die *Insolvensiewet* val en wat tot niet gemaak kan word?

Die voorafgaande vraagstukke is al in verskeie hofbeslissings bespreek. Enkele van hierdie beslissings word vervolgens bespreek.[94]

---

91 *Ex parte Fowler* 1937 TPD 353.
92 Eie beklemtoning. Sien egter ook Meskin *Insolvency Law* par 5.31.2.
93 Eie beklemtoning.
94 Sien par 6.2 hiervan.

### *6.2 Regspraak*

### 6.2.1 *Regspraak voor 2000*

#### *6.2.1.1 Kellerman v Van Vuuren*[95]

Die insolvent het ongeveer twee weke voor sy sekwestrasie die erflating uit sy vader se boedel gerepudieer. Op aansoek van die kurator dat die insolvent se repudiasie tersydegestel moet word op grond daarvan dat dit 'n vervreemding sonder teenwaarde was, het die hof beslis dat dit nie bereid was om van die regsposisie wat al meer as 'n honderd jaar in Suid-Afrika bestaan af te wyk nie. Goldblatt R steun grotendeels op die uitspraak in *Van Schoor v Muller*[96] en Voet om die aansoek van die hand te wys:

> If he adiates, then with retrospective effect, the right to the legacy becomes an asset in his estate. If prior to adiating, he repudiates, or waives his right to the legacy, then, as was stated by Voet, the legacy is retrospectively rejected and never belonged to him and accordingly the right did not form part of his insolvent estate.[97]

Die hof beantwoord dus die vraag of 'n repudiasie van 'n erflating 'n vervreemding sonder teenwaarde is ontkennend.[98]

#### *6.2.1.2 Klerck en Schärges v Lee*[99]

Die insolvent se kurators het betoog dat die insolvent se repudiasie van 'n erflating uit sy oorlede vrou se boedel 'n beskikking sonder teenwaarde is. Ter ondersteuning van die aansoek om tersydestelling van die repudiasie, is daar aangevoer dat die insolvent 'n reg om te adieer met die dood van sy eggenote verkry het, welke reg binne sy boedel val. In navolging van die *Kellerman*-beslissing verwerp die hof hierdie argument en steun ook op Voet:

---

95 1994 4 SA 336 (T).
96 (1858) SEARLE 131.
97 1994 4 SA 336 (T) op 341.
98 Sien par 6.1 (c) hiervan.
99 1995 3 SA 340 (SOK).

> In 42.8.16 he makes it clear that 'not to acquire is not to alienate' and adds that no alienation occurs when a person rejects an inheritance. This statement of law... seems to me to be perfectly acceptable.[100]

In ooreenstemming met die beslissing in *Kellerman*[101] bevind die hof dat die repudiasie van 'n erflating nie 'n vervreemding sonder teenwaarde is nie.[102]

### *6.2.1.3 Boland Bank Bpk v Du Plessis*[103]

Die applikant, wat vonnis teen die respondent verkry het, doen aansoek om sekwestrasie van respondent se boedel nadat respondent afstand gedoen het van enige erflating wat haar mag toekom vanuit haar vader se boedel. Applikant argumenteer dat respondent se repudiasie 'n daad van insolvensie daarstel soos beoog in artikel 8(c) van die *Insolvensiewet*. Artikel 8(c) bepaal dat 'n persoon 'n daad van insolvensie pleeg:

> ...as hy sy goed op so 'n wyse vervreem of poog om te vervreem dat sy skuldeisers daardeur benadeel word of sou word of aan een skuldeiser daardeur bo 'n ander voorkeur verleen sou word.

In sy uitspraak beslis De Klerk R[104] dat die wetgewer die moontlikheid van so 'n erflating by die omskrywing van goed in artikel 2 van die *Insolvensiewet* in gedagte gehad het en dat slegs 'n fideikommissêre erflating of legaat doelbewus uitgesluit is. Daar kan dus afgelei word dat die reg om te erf doelbewus nie deur die wetgewer uit die omskrywing van goed gelaat is nie. Wanneer 'n erfgenaam 'n erflating adieer, verkry hy 'n voorwaardelike reg op bates wat hom ingevolge die testament toekom. Die hof beslis soos volg:

> Ek is ook van mening dat 'n erfgenaam na die afsterwe van die erflater 'n voorwaardelike reg verkry uit die situasie wat dan ontstaan naamlik 'n testament in die

---

100 1995 3 SA 340 (SOK) op 343.
101 Sien par 6.2.1.1 hiervan.
102 Sien par 6.2.1.1 hiervan.
103 1995 4 SA 113 (T).
104 Op 115B.

guns van die erfgenaam en bates wat na die erfgenaam sou kom, mits alleen die erfgenaam adieer. Dit kom dus voor asof dit 'n voorwaardelik reg op goed is.[105]

Volgens hierdie beslissing is die reg van 'n erfgenaam ten opsigte van 'n bemaking, wat hom toekom, dus 'n voorwaardelike reg op goed en die definisie van goed is sodanig dat die vervreemding van so 'n voorwaardelike reg binne die omvang van artikel 8(c) val. Daar word bevestigend geantwoord op die vraag of 'n reg op 'n intestate of testate erfenis 'n voorwaardelike reg op goed is.

### *6.2.1.4 Kritiek teen Kellerman-, Klerck- en Du Plessis- sake*

In die *Kellerman*-saak maak Goldblatt R homself skuldig aan 'n anomalie in sy argument. Terwyl hy erken dat die erfgenaam oor 'n **reg**[106] beskik wat hy kan adieer of repudieer, stel hy dit dat die erfgenaam deur die erflating te repudieer, dit met terugwerking verwerp en dat dit dan nooit aan hom behoort het nie. Die vraag ontstaan dus noodwendig aan wie die reg behoort het totdat die erfgenaam dit repudieer het.

Sonnekus[107] het beide uitsprake breedvoerig ontleed en tot die gevolgtrekking gekom dat die hof fouteer het deur hul argumente op Voet te baseer omdat dit volgens hom nie rekening hou met die feit dat adiasie nie 'n voorvereiste vir die vestiging van regte is nie. Indien die hof se redenasie korrek was, sou die gevolg wees dat 'n erflating van 'n erfgenaam, wat sterf voordat hy bewus word van die erflating, nie in sy boedel val nie. Volgens hom is dit kennelik nie die Suid-Afrikaanse regsposisie nie. Tensy die vestiging van regte *(dies cedit)* deur die testamentopsteller uitgestel word, staan dit vas dat die vorderingsreg vestig by *delatio* en dat dit dus 'n uitoefening van die erfgenaam se beskikkingsbevoegdheid is wat 'n reeds verkreë reg ontdaan maak en kan dit dus niks anders wees as 'n vervreemding sonder teenwaarde nie.

---

105 Op 115C.

106 Eie beklemtoning.

107 1996 *TSAR* 241 ev asook 2000 *TSAR* 802 ev; Sien ook Kuyler 1996 *De Rebus* 589-591.

Die waarde wat aan Voet geheg word, is volgens Sonnekus 'n miskenning van die konteks waarop Voet se gesag betrekking het, naamlik die *actio Pauliana* waar 'n insolvent sy bates sonder teenwaarde vervreem met die medewete van sy ontvanger en met die opset om sy skuldeisers te benadeel. Die kennis van die ontvanger en die opset van die vervreemder was deurslaggewende vereistes, vandaar Voet se kwalifikasie "provided that fraud can be proved on the part of the receiver".[108] Voet het dit inderdaad self gestel dat waar 'n insolvent nie 'n erfregtelike bevoordeling aanvaar nie, daar geen plek vir die toepassing van hierdie edik is nie. Weens die beginsel van universele erfopvolging in Romeinse reg het 'n erfgenaam nie slegs die bates van die erflater geërf nie, maar ook sy laste en om daardie rede was adiasie dan ook 'n voorvereiste vir die vestiging van regte in die Romeinse reg. Dit volg noodwendig dat as die erfgenaam die bevoordeling verwerp het daar geen verandering in sy bateposisie kon wees nie, aangesien sodanige verandering eers kon intree sodra die bevoordeling ge-adieer is.

Die hof se beroep op die langdurige praktyksreël met verwysing na die uitspraak in die *Van Schoor*-saak is ook onder verdenking. Die saak is slegs in twee ander uitsprake aangehaal. Sonnekus verwys na *Ex parte Webb*[109] waar die die hof inderdaad die uitspraak in *Van Schoor* verwerp het:

> The above passage is no authority for the proposition that the death of the child prior to its adiating or repudiating the inheritance would result in its failure to acquire the inheritance. If an heir whose rights have vested fails to make his election the right to do so is on death or insolvency transmitted to his legal representative.

Die hof tref inteendeel in *Ex parte Webb* onderskeid tussen *dies cedit* en *dies venit*:

> Though an heir can only claim the assets from the executor after the confirmation of the liquidation and distribution account the right to such assets vests in the heir immediately on the death of the testator.[110]

108 1996 *TSAR* 241.
109 1952 2 SA 541 (K).
110 Op 545G.

Die verdere verwysing na *Van Schoor* in *Serfontein v Walton*[111] was nie relevant tot die regsvrae in die *Kellerman-* en *Klerck*-sake nie en kan daar kwalik van 'n langdurige praktyksreël sprake wees.[112]

Ofskoon na die *Du Plessis*-saak in die *Klerck*-saak verwys word, is die verwysing beperk tot die opmerking dat daar nie na Voet se teks verwys word nie. Sonnekus kom tot die gevolgtrekking dat die *Klerck*-saak vir kritiek vatbaar is, te meer omdat geen ag geslaan is op die uitsprake in *Ex Parte Webb* of die *Du Plessis*-saak nie.[113]

In die *Du Plessis*-saak is ook beslis dat die voorwaardelike reg eers volle regswerking verkry sodra die erfgenaam besluit om te adieer, terwyl soos reeds aangetoon, adiasie nie 'n opskortende voorwaarde vir die vestiging van regte is nie.[114] Dit word egter aan die hand gedoen dat die hof in die *Du Plessis*-saak tot die korrekte slotsom gekom het. Die mening is reeds voorgehou dat die erfgenaam slegs 'n voorwaardelike reg op die erflating verkry by die afsterwe van die testamentopsteller,[115] en moet 'n erflating aan 'n insolvente erfgenaam dus deur die bepalings van die *Insolvensiewet* getref word.

### *6.3 Regspraak na 2000*

Soos reeds aangedui het daar tot 2000 botsende beslissings bestaan ten opsigte van die vraag of die repudiasie van 'n insolvent se erflating neerkom op vervreemding sonder teenwaarde. Die kwessie het volle wasdom bereik in *Wessels v De Jager*.[116] Die feite van die saak is kortliks soos volg: Die respondent wie se boedel reeds ten tyde van die afsterwe van sy eggenote gesekwestreer was, het 'n versekeringsvoordeel en erflating uit sy eggenote se intestate boedel gerepudieer. Die saak verskil dus wesenlik van die voorafgaande drie sake deurdat die repudiasie van die erflating na sekwestrasie

111 1979 1 SA 1059 (O).
112 1996 *TSAR* 245.
113 1996 *TSAR* 246 - 247.
114 1996 *TSAR* 241.
115 Sien hoofstuk 3.
116 2000 4 SA 924 (HHA).

plaasgevind het. Die hof moes beslis of die voordele in die insolvent se boedel gevestig het in dié sin dat hy die bevoegdheid verkry het om self die voordele te aanvaar. Die hof verwerp die argument dat die insolvent 'n reg op roerende goed verkry het by die afsterwe van sy eggenote. Dit was die hof se gevolgtrekking dat die respondent hoogstens 'n bevoegdheid en nie 'n reg verkry het om die bevoordelings te aanvaar of te verwerp nie en wys gevolglik die appèl van die hand.

Daar word aan die hand gedoen dat die uitspraak om verskeie redes uiters onbevredigend is. Dit is geykte reg dat insolvensie sekere statusveranderende gevolge vir die insolvent meebring. Artikel 20 van die *Insolvensiewet* bepaal uitdruklik dat die boedel van 'n insolvent oorgaan op sy kurator. Die vorderingsreg wat gevestig het by die afsterwe van die respondent se eggenote, vorm 'n bate in sy boedel en die meegaande beskikkingsbevoegdheid oor die bate, wat 'n element van die vorderingsreg is, moet dus oorgaan op sy kurator.

Die hof verwys ook na die gewraakte teks van Voet, maar behalwe om die leser aan te raai om die teks te raadpleeg, lug die hof ongelukkig nie 'n mening oor die korrektheid daarvan nie. Gesien in die lig van die uitspraak waartoe die hof gekom het, moet die afleiding egter gemaak word dat die hof die teks as gesag vir sy gevolgtrekking beskou.

Daar word verder ook aan die hand gedoen dat dit voorkom asof die hof gevestigde Suid-Afrikaanse erfreg verbaster, deur dit te vermeng met beginsels van kontraktereg. Die enigste moontlike verklaring daarvoor is waarskynlik dat die hof steeds adiasie as 'n opskortende voorwaarde vir erfregtelike bevoordeling beskou, wat soos reeds aangedui wel kenmerkend aan universele opvolging was.[117] Die voorbeeld van 'n legaat wat aan 'n voorwaarde gekoppel is, word deur die hof gebruik om sy argument te rugsteun. Sonnekus[118] stel dit dat eleksie as kompetensie gewoonlik slegs van belang is waar die

---

[117] Sien par 6.2.1.4; Sien ook Van Zyl *Universele Erfopvolging* 205 – 224.

[118] 1996 *TSAR* 241 ev asook 2000 *TSAR* 802 ev; Sien ook Van der Merwe & Rowland *Suid-Afrikaanse Erfreg* 409; Pace & Van Der Westhuizen *Wills and Trusts* 56; Erasmus & De Waal *South African Law of Succession* par 310; Kernick *Trust Law Principles and Practice* 55; De Waal, Schoeman & Wiechers *Erfreg Studentehandboek* 143.

bevoordeling onderhewig is aan 'n beperking wat deur die testamentopsteller op sy bevoordeling geplaas word. Dit wil voorkom asof die hof vanuit die standpunt uitgaan dat die kurator altyd 'n bevoordeling sal aanvaar, ongeag of dit met 'n lasbepaling beswaar is aldan nie. Die moontlikheid dat die kurator 'n erflating, wat onder 'n *modus* gebuk gaan, kan repudieer is nie deur die hof in die vooruitsig gestel nie en bevind die hof dat die insolvent se beskikkingsreg nie in sy kurator setel nie maar wel in homself.

Die hof is van mening dat 'n insolvent gedurende insolvensie slegs 'n bevoegdheid verkry om 'n skenkingsaanbod, wat aan hom gemaak word, te aanvaar, aangesien daar geen verpligting op die aanbieder rus totdat die aanbod aanvaar word nie.[119] Hoe gekunsteld hierdie argument is, is duidelik as in ag geneem word dat die testamentopsteller nooit weet of sy erflatings aanvaar gaan word of nie. Verder dien daarop gelet te word dat die afstanddoening van 'n skenking pertinent in artikel 2 van die *Insolvensiewet* gedefinieer word as 'n "vervreemding".

Hoe ongelukkig ookal die uitspraak van die hof, is dit as uitspraak van die hoogste hof in Suid-Afrika, bindend op alle toekomstige feite van soortgelyke aard tot tyd en wyl dit weer bereg word deur die Hoogste Hof van Appèl of totdat die wetgewer ingryp.

### *6.4 Wetsontwerp*

Die Suid-Afrikaanse Regskommissie het die doelwit van Projek 63 as volg uitgedruk:

> The aim of this investigation is to balance and satisfy the needs of the different stakeholders. The major stakeholders are the commercial community in general and creditors in particular; insolvent debtors; insolvency practitioners and the government. Because of conflicting interests it is often difficult to strike a fair balance between the different interests. ***Effective, speedy and fair procedures are important needs of stakeholders and formed the basis for this review.***[120]

Nie alle voorstelle, wat deur die Regskommissie ontvang is, het steun gevind nie. Die voorstel dat erflatings wat na sekwestrasie vestig, uitgesluit moet word van die insolvente

[119] 1996 *TSAR* 241 ev asook 2000 *TSAR* 802 ev.

[120] Volume 1 *Review of the Law of Insolvency* 5.

boedel is nie aanvaar nie.[121] 'n Konsepwet waarvan die volgende voorgestelde wysigings van belang is vir hierdie studie is opgestel:

- Die omskrywing van eiendom bevat nie meer die uitsluiting van 'n fideikommissêre erflating of legaat nie,[122] en sluit steeds voorwaardelike regte op eiendom in.
- Vervreemding van bates sonder teenwaarde is uitgebrei om vervreemdings in te sluit wat op so 'n wyse gedaan is dat dit volgens die hof se oordeel waarskynlik is om tot nadeel van skuldeisers te wees.[123]

Indien die wysigings deur die parlement aanvaar sou word, is die effek dat 'n erflating deel sal vorm van 'n insolvent se boedel en dus by implikasie sal meebring dat 'n insolvente erfgenaam nie 'n erflating sal kan repudieer nie. Die onversoenbaarheid van suiwer erfregtelike beginsels en die werking van die *Insolvensiewet* wat teweeggebring is deur die beslissing in *Wessels v De Jager,*[124] sal ontdaan gemaak word. Dit sal betreurenswaardig wees indien die wetgewer nie van die geleentheid gebruik maak om enige onduidelikheid uit die weg te ruim nie deur uitdruklik te bepaal dat 'n erfenis binne die omskrywing van goed val en dat die repudiasie daarvan dus 'n vervreemding sonder teenwaarde is nie.

---

121 Verklarende memorandum *Review of the Law of Insolvency* 16.
122 A 7(1) Volume 2 *Review of the Law of Insolvency* 45.
123 A 16 Volume 2 *Review of the Law of Insolvency* 74.
124 Sien par 6.3 hiervan.

# HOOFSTUK 7

## 7. SAMEVATTING, AANBEVELINGS EN GEVOLGTREKKING

### *7.1 Ontleding van S se posisie*

Indien S se posisie soos gestel in die inleiding,[125] ontleed word aan die hand van die voorafgaande, blyk die volgende:

(a) Die bemaking aan S is onderhewig aan 'n ontbindende voorwaarde. Eers wanneer S gerehabiliteer is, sal die erflating deur G se administrateurs in trust aan haar oorgedra word. Die testamentopsteller poog dus om *dies cedit* uit te stel tot en met sodanige tydstip as wat die bemaking buite die bereik van S se skuldeisers sal wees;

(b) Die testamentopsteller het versuim om 'n alternatiewe erfgenaam in die plek van S te stel wat die beperking kan afdwing en het hy die beperking op S geplaas uitsluitlik vir haar voordeel:

> When a testator by his will gives someone the ownership to the property or an immediate right to the corpus or capital of the property he cannot then proceed to impose restrictions on the use of the property by the heir or legatee or any other inroad on his freedom unless he does so in favour of a person or persons other than the beneficiary or for a defined impersonal object.... A restriction imposed purely in the interest of the beneficiary does not bind him, and is termed a nude prohibition (*nudum praeceptum*). If a testator purports to impose such a prohibition by way of a trust, the trust is not in general invalid, but it does not bind the beneficiary, who may insist on administering the property himself to the exclusion of the trustee, as may his trustee in insolvency.[126]

Die Suid-Afrikaanse regspraak is deurspek met beslissings aangaande die posisie van die insolvente erfgenaam in hierdie verband. In *Vorster*

[125] Sien par 1.1 hiervan.

[126] Honoré *South African Law of Trusts* 117 –118.

(c) Die bemaking aan S val nie onder enige van die uitsonderings van bates wat uitgesluit word van die boedel van 'n insolvent nie. Indien in ag geneem word dat die wetgewer by die omskrywing van goed in artikel 2 van die *Insolvensiewet*, doelbewus slegs 'n fideikommissêre erflating of legaat uitgesluit het, kan daar kwalik geargumenteer word dat dit die bedoeling was om ander erflatings ook uit te sluit.[131] Inteendeel, die afleiding kan gemaak word dat, om juis die fideikommissêre erflating te kwalifiseer, dit nie die wetgewer se bedoeling was dat 'n gewone erflating buite die omskrywing van goed soos bedoel in die *Insolvensiewet* moet val nie en derhalwe dan nie deel sal vorm van die boedel van die insolvent nie. S se erflating sal dus 'n bate in haar insolvente boedel wees.

(d) Na aanleiding van die beslissing in *Wessels v de Jager,*[132] sal S ook in staat wees om die erflating, wat deur G aan haar gemaak is, te repudieer ten einde te verhoed dat haar erflating vir die voordeel van haar skuldeisers aangewend kan word. Die bedoeling van die testamentopsteller sal dus frustreer word. Alhoewel S se repudiasie sal neerkom op die spreekwoordelike suur druiwe, laat dit haar skuldeisers ook nie enigsins in 'n beter posisie nie, aangesien daar dan nie 'n bate in haar insolvente boedel val wat vir hulle voordeel aangewend kan word nie. Die posisie is dus dat die bemaking aan S intestaat sal vererf. By noodwendige implikasie sal S se intestate erfporsie dan 'n bate in haar insolvente boedel vorm tensy sy natuurlik ook die intestate bevoordeling repudieer.

---

131 Sien egter par 6.4 hiervan oor die voorgestelde wysigings in die verband.

132 2000 4 SA 924 (HHA).

trustbates nie op die trustbegunstigde kan vestig nie. Bepaal hy egter dat die trustdoel is om te voldoen in die behoeftes van die erfgenaam in die uitsluitlike diskresie van sy trustee tot en met afsterwe van die erfgenaam, met 'n meegaande bepaling oor beëindiging van die trust by afsterwe van die erfgenaam, sal hy verseker dat die erflating beskerm is teen die skuldeisers van sy insolvente erfgenaam. Die enigste werklike probleem met sodanige bemaking is dat niemand heldersiende is nie. 'n Erfgenaam se finansiële posisie kan in ons huidige vinnig veranderende ekonomiese klimaat een dag uiters rooskleurig wees, terwyl dit ses maande later heeltemal haglik kan wees. Die testamentopsteller kan dan 'n testament opstel in die veronderstelling dat dit altyd goed met die erfgenaam sal gaan en voordat die omstandighede verander, te sterwe kom. Vir die testamentopsteller wat egter bewus is van die wankelrige sakevernuf van sy voorgenome erfgenaam, is die trust die aangewese testamentêre instrument. So kan 'n testamentopsteller byvoorbeeld die volgende bepaling in sy testament verly:

> Ek bemaak my gehele boedel aan my seun, op voorwaarde dat indien hy 'n insolvent is ten tyde van my afsterwe, ek my gehele boedel aan my administrateurs in trust bemaak. My administrateurs in trust sal in sodanige geval my gehele boedel in trust hou vir die lewensduur van my voormelde seun en sal my administrateurs gemagtig wees om na hul onbeperkte goeddunke die trustinkomste en/of kapitaal aan te wend vir die behoorlike onderhoud van my seun. By die afsterwe van my voormelde seun sal my administrateurs die trust beëindig en die trustbates oordra aan my seun se intestate erfgename.

(ii) 'n Verdere boedelbeplanningsinstrument wat aangewend kan word om bates buite die bereik van die gevolge van insolvensie te hou, is die oprigting van 'n familietrust *inter vivos.* 'n Vermoënde persoon kan daardeur nie slegs die trustbegunstigdes beskerm nie, maar ook homself. Na aanleiding van die beslissing

in *Kohlberg v Burnett*[142] kan die testamentopsteller selfs sy boedel aan 'n *inter vivos* trust bemaak. Daar moet egter deeglike oorweging geskenk word aan wie deur die trustoprigter as trustees aangestel word. Dit sal nie veel van 'n doel dien om sy spandabelrige seun as trustee te benoem nie.

(c) ***Huweliksgoederebedeling***

Alhoewel nie *per se* 'n boedelbeplanningsinstrument nie, behoort voornemende egpare gewys te word op die voordele daarvan om buite gemeenskap van goedere te trou. Die standaard bepaling in die meerderheid van hedendaagse testamente dat enige erflating, wat 'n erfgenaam mag toekom, uitgesluit sal wees van die gevolge van 'n huwelik binne gemeenskap van goedere, het slegs werking tussen die gades onderling en het geen regswerking teenoor derde partye nie.[143] Dit is 'n onlosmaaklike gevolg van 'n huwelik binne gemeenskap van goedere, dat die sekwestrasie van een van die gades se boedel noodwendig tot gevolg het dat beide gades se boedel gesekwestreer word. Indien egpare die wysheid van 'n huwelik buite gemeenskap van goedere insien, moet hulle egter bewus gemaak word van die noodsaaklikheid van deeglike boekhouding, aangesien die bates van die solvente eggenoot ook op die kurator van die insolvente eggenoot oorgaan totdat dit deur die kurator vrygestel word.[144] Die bewyslas om aan te toon dat die bates wel aan die solvente eggenoot behoort, rus op hom/haar.[145] Die volgende bepaling sal dus geen beskerming in die geval

142 1986 3 SA 12 (A); Sien egter ook *Braun v Blann & Botha* 1984 2 SA 850 (A) vir die potensiële slaggate wat in die verband vermy moet word.

143 *Badenhorst v Bekker* 1994 2 SA 155 (N); *Du Plessis v Pienaar* 2003 SA 671 (HHA); Sien ook West 2003 *De Rebus* 51 – 52; Sharrock ea *Hockly se Insolvensiereg* 52.

144 A 21 van die *Insolvensiewet.*

145 *Maudsley's Trustees v Maudsley* 1940 WLD 168.

van insolvensie bied waar die partye binne gemeenskap van goedere getroud is nie:

> Dit is 'n uitdruklike voorwaarde van hierdie testament dat alle bates, vaste eiendom sowel as los goedere, beleggings en kontant, van watter aard ookal wat enige erfgenaam hierkragtens ontvang, sowel as die opbrengs daarvan by te geldemaking en herbelegging daarvan, asook alle inkomste wat daaruit verdien mag word, nooit deel sal uitmaak van enige gemeenskaplike boedel wat as gevolg van 'n huwelik van so 'n erfgenaam mag ontstaan nie. Dit sal ook nie in beslag geneem kan word vir die skulde of verpligtinge van so 'n erfgenaam se gade nie.

### *7.3 Gevolgtrekking*

Dit staan vas dat die reeds insolvente erfgenaam na die beslissing in *Wessels v De Jager* wel 'n erflating, wat aan hom toekom na sy sekwestrasie, kan repudieer. Gesien in die lig daarvan dat die Hoogste Hof van Appèl ook beslis het dat die uitsprake in die *Kellerman-*, *Klerck-* en *Du Plessis*-sake verkeerd was, geld dieselfde waarskynlik ook ten opsigte van erflatings wat 'n persoon binne twee jaar voor sekwestrasie toeval en is dit te betwyfel dat die hof so 'n repudiasie as 'n vervreemding sonder teenwaarde sal beskou. Die repudiasie van 'n erflating deur die insolvent of potensiële insolvent laat hom egter nie in 'n enigsins beter posisie as voor die repudiasie nie. Alhoewel die bates nie tot voordeel van sy skuldeisers aangewend kan word nie, trek die insolvent geen ander voordeel uit die repudiasie nie. Eweneens word die belange van skuldeisers ook gefrustreer.

Daar kan geargumenteer word dat die logiese konklusie waartoe 'n suiwer interpretasie van die regsposisie van die testamentopsteller, sy erfgename en hulle skuldeisers moet lei, is dat 'n bevoordeling wat 'n insolvente erfgenaam toeval binne sy insolvente boedel moet val. Logieserwys moet die beskikking oor sodanige bate dan ook in die kurator van die insolvent setel, wat meebring dat dit die kurator is wat die bevoordeling moet adieer of repudieer.

Thomas stel dit dat:

> Law is not merely a set of principles and rules; it is a necessary practical requisite for the delimitation of interests in social life.[146]

'n Regstelsel poog om die botsende belange van die lede van 'n samelewing op die effektiefste wyse te reguleer en indien dit op die oog af voorkom asof die regstelsel oorwegend eerder beskerming aan 'n insolvent as aan sy skuldeisers gee in 'n groeiende wêreld met beperkte hulpbronne, sal dit tot gevolg hê dat die ekonomie nie die druk sal kan teenstaan nie. Daar word aan die hand gedoen dat ingryping ten opsigte van die beperking van die skuldenaar se bevoegdheid om tot die nadeel van skuldeisers te handel dringend noodsaaklik is. Die wetsontwerp[147] neig reeds in hierdie rigting deurdat 'n daad van insolvensie ook vervreemdings wat volgens die hof se oordeel gedoen is tot nadeel van skuldeisers sal omvat.

Daarteenoor is daar verskeie opsies wat vir die testamentopsteller beskikbaar is om sy erflating te beskerm. Die gebruikmaking van sy testeervryheid om behoorlike boedelbeplanning te doen, sal nie noodwendig lei tot 'n onbillike botsing van die belange tussen die testamentopsteller, die erfgenaam en die skuldeisers van die erfgenaam nie.

Slegs deur behoorlike beplanning kan 'n billike doelwit bereik word soos gestel deur Bobbert:

> Boedelbeplanning kan beskou word as die proses waardeur 'n eienaar eiendom verkry, die grootste voordeel uit die besit en gebruik daarvan haal (gedurende sy lewe), sodat soveel as moontlik op die mees ekonomiese wyse en met die minste vermindering daarvan, op sy begunstigdes kan oorgaan...[148]

---

146 *Textbook of Roman Law* 4.

147 Sien par 6.4 hiervan.

148 1976 TRW 2 - 26.

***Bibliografie***

***Boeke***


Abrie W, Graham CR en Van Der Linde A *Boedel- en Finansiële Beplanning* 5e uitg (Pro Plus Lynnwoodrif 2003)

Abrie W, Graham ea *Boedels: Beplanning en Bereddering* 2e uitg (Pro Plus Lynnwoodrif 1991)

Bobbert MCJ "Grondlyne vir Strategiese Boedelbeplanning" 1976 *TRW* 3-26

Corbett MM ea *The Law of Succession in South Africa* (Juta Kenwyn 1980)

Davies DM, Beneke C Estate *Planning* 15e uitg (Butterworths Durban 2003)

De Waal MJ, Schoeman MC en Wiechers NJ *Erfreg Studentehandboek* 2e uitg (Juta Kenwyn 1992)

Du Toit F *Trust Law: Principles and Practice* (Butterworths Durban 2002)

Erasmus HJ en De Waal MJ *The South African Law of Succession* (Butterworths Durban 1989)

Erasmus HJ, Van der Merwe CG en Van Wyk *Lee and Honoré Family Things and Succession* 2e uitg (Butterworths Durban 1983)

Honoré T *The South African Law of Trusts* 3e uitg (Juta Kaapstad 1985)

Kernick LA Administration *of Estates & Drafting of Wills* 3e uitg (Juta Kenwyn 1998)

Spiro E *Law of Parent and Child* 3e uitg (Juta Wynberg 1971)

Swart JN ea Die *Beplanning en Bereddering van Boedels* (Butterworths Durban 1985)

Thomas JAC *Textbook of Roman Law* (Juta Kaapstad 1991)

Van der Merwe NJ en Rowland CJ *Die Suid-Afrikaanse Erfreg* 6e uitg (JP Van der Walt en seuns Pretoria 1990)

Van Zyl FJ *Universele Erfopvolging in die Suid-Afrikaanse Erfreg* (Annale Universiteit van Stellenbosch 1983)

West A "Registrability and Effect of Excluding Community of Property" 2003 *De Rebus* 51-52

***Wetgewing***

*Byvoegingswet tot Minerale Regte* 50 van 1991
*Insolvensiewet* 24 van 1936
*Versekeringswet* 27 van 1943
*Wet op Balju's* 90 van 1986
*Wet op Bedryfsiektes in Myne en Bedrywe* 78 van 1973
*Wet op Beheer oor Trustgoedere* 57 van 1988
*Wet op Eiendomsagente* 112 van 1976
*Wet op Finansiële Instellings (Beleggings van Fondse)* 39 van 1984
*Wet op Herroeping van die Wet op Onderverdeling van Landbougrond* 64 van 1998
*Wet op Huweliksgoedere* 88 van 1984
*Wet op Onderhoud van Oorlewende Eggenote* 27 van 1990
*Wet op Onderverdeling van Landbougrond* 70 van 1970
*Wet op Onroerende Eiendom (Verwydering of Wysiging van Beperkings)* 94 van 1965
*Wet op Prokureurs* 53 van 1979

*Wet op Vergoeding van Beroepsbeserings en –siektes* 130 van 1993

***Regspraak***

*Aronson v Estate Hart and Others* 1950 1 SA 539 (A)

*Badenhorst v Bekker* 1994 2 SA 155 (N)

*Barclays Bank DC & O NO v Anderson & Others* 1959 2 SA 478 (T)

*Boland Bank Bpk v Du Plessis* 1995 4 SA 113 (T)

*Braun v Blann and Botha NNO and Another* 1984 2 SA 850 (A)

*Carelse v Estate De Vries* 1906 23 SC 532

*Commissioner for Inland Revenue v Estate Crewe and Another* 1943 AD 656

*Crookes NO and Another v Watson and Others* 1956 1 SA 277 (A)

*De Wayer v SPCA Johannesburg* 1963 1 SA 102 (T)

*Du Plessis v Pienaar NO and Others* 2003 1 SA (HHA)

*Durban City Council v Association of Building Societies* 1942 AD 27

*Estate Smith v Estate Follett* 1942 AD 364

*Ex parte Dessels* 1976 1 SA 851 (D)

*Ex parte Fowler* 1937 TPD 353

*Ex parte Isaacs* 1964 4 SA 606 (GW)

*Ex parte Sieberhagen* 1946 CPD 104

*Ex parte Swanevelder* 1949 1 SA 773 (O)

*Ex parte Webb and Another* 1952 2 SA 541 (K)

*Glazer NO v Glazer* 1963 4 SA 694 (A)

*Greenberg and Others v Estate Greenberg* 1955 3 SA 361 (A)

*Grusd NO v Grusd* 1946 AD 465

*Jewish Colonial Trust Ltd v Estate Nathan and Others* 1940 AD 163

*Jubelius v Griesel NO en Andere* 1988 2 SA 610 (K)

*Kellerman NO v Van Vuuren* 1994 4 SA 336 (T)

*Klerck and Schärges NNO v Lee* 1995 3 SA 226 (SOK)

*Kohlberg v Burnett NO and Others* 1986 3 SA 12 (A)

*Levy NO v Schwartz NO* 1948 4 SA 930 (W)

*Mahomed v Lockhat Brothers Co Ltd* 1944 230 (A)

*Maudsley's Trustees v Maudsley* 1940 WLD 168

*Pritchard's Trustee v Estate Pritchard* 1912 CPD 87

*Ritchken's Executors v Ritchken* 1924 WLD 17

*Ruskin NO v Sapire NO* 1966 2 SA 306 (W)

*Serfontein v Walton* 1979 1 SA 1059 (O)

*Stern and Ruskin NO v Appleson* 1951 3 SA 800 (W)

*Union Government (Minister of Finance) v Olivier* 1916 AD 74

*Van Schoor's Trustees v Muller's Executors* (1858) SEARLE 131

*Vorster v Steyn NO en andere* 1981 2 SA 831 (O)

*Wessels GF NO v De Jager CJ NO en Peyper JF NO* 2000 4 SA 924 (HHA)

*Yenapergasam and Another v Naidoo and Another* 1932 NPD 96